



In Maart 1855 word die eerste
Nederduitse Gereformeerde
Gemeente in Ceres gestig

Die eerste kerk word op 5 en 6 Mei
1855 in gebruik geneem

Op 25 November 1961 word die NG
Gemeente Ceresvallei met 617
belydende lidmate gestig

Die hoeksteen van die Ceresvallei kerkgebou
word op 22 September 1963 gele

'N STORIE OM TE VERTEL



VANDAG SE EREDIENS

GAAN

OOR


STORIES

ONS GAAN STILSTAAN

BY ASAF

SE WOORDE

IN PSALM 78:1-8.



Die Bybel is vol stories. Stories oor geluk, hartseer, onsekerheid, trauma, en nog vele meer. Net soos die Bybel vol stories is, het Ceresvallei sy eie storie om te vertel. 'n Storie van voorsienigheid, teenwoordigheid, omgee en liefde.

Ons nooi u uit om Sondag met Psalm 78: 1-8 stil te kom raak. Die teks gaan ons help om na te dink oor God se storie en die storie wat God wil hê ons moet vertel. Hier volg 'n kort kommentaar oor Psalm 78:1-8:

"Asaph implores the Israelites to remember and tell of God's redemptive work. When they recite his 'glorious deeds' and 'the wonders that he has done' (Psalm 78:4b, ESV), the next generation will 'set their hope in God...[and] keep his commandments' (Psalm 78:7, ESV). When the Israelites remember their stories of redemption, they won't follow in the fleeing footsteps of their 'stubborn, rebellious,' ancestors (Psalm 78:8, ESV)."

Mag God se woord ons help om na te dink oor Ceresvallei se storie.

LITURGIE

Dankie dat julle bereid is om saam stil te raak. In hierdie WhatsApp of E-pos, is daar 'n liturgie. Volg asb die skakel om die nodige boodskap te kyk.

1. Welkom

Baie welkom by God se storie - 'n storie wat nog nooit ophou skryf is nie. Ons hoop dat julle in hierdie naweek, iets van hierdie storie-skrywende God ervaar het. Mag julle vanoggend opnuut bewus raak van 'n God, wat deur julle unieke menswees, Sy storie wil vertel.

2. BOODSKAP

Om na die boodskap te kyk, volg asb die volgende skakel **(klik)**.

Die hoeksteen van die Cenesvallei kerkgebou word op 22 September 1963 gele

Die kerk word op 22 en 23 Februarie 1964 ingewy

DANKOFFERS

Ons gemeente het nou Snapscan. Dit is 'n toepassing waar deur jy gemaklik en eenvoudig jou dankoffers kan betaal. Dit is baie veilig om te gebruik en word deur die Sinode aanbeveel. Jy kan na die volgende skakel kyk om te sien hoe Snapscan werk **(klik)**. Jy kan ook die toepassing by die volgende skakels aflaai.



(klik)



(klik)

Indien jy nie van Snapscan wil gebruik maak nie, kan jy jou dankoffers EFT na die volgende rekening:

NG Kerk Ceresvallei
ABSA
Tjek rekening
350580026



SnapScan



F8Y03Yyp

Snap here to pay

Works with



Sign up with any South African bank card